

*Geskiedenis van Suid-Afrika van voortye tot vandag*

**(Kaapstad: Tafelberg, 2012, 640 pp. ISBN: 978-0-624-05466-5)**

**F Pretorius**

Pieter de Klerk

*Skool vir Basiese Wetenskappe*

*Noordwes-Universiteit (Vaaldrivehoekcampus)*

pieter.deklerk@nwu.ac.za

Hierdie uitgebreide oorsigwerk oor die Suid-Afrikaanse geskiedenis is geskryf in opdrag van die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns. By 'n simposium van die Akademie se Geskiedeniskommissie in 2006 is kommer daaroor uitgespreek dat, veral op skoolvlak, die klem in die Suid-Afrikaanse geskiedenis gelê word op die versetgeskiedenis van die land. Soos in die inleiding verklaar word, was daar vroeër 'n Afrikanersentriese benadering, waarin "helde- en lydensoomblikke in die Afrikaner se geskiedenis as die enigste ware geskiedenis" van die land voorgestel is, maar nou het die pendulum te veel na die ander kant geswaai. Dit het die behoefte laat ontstaan na 'n omvattende geskiedenis "wat sou probeer om die pendulum na die middel te stuur ter wille van versoening en wedersydse begrip onder die verskillende kulturele en politieke groepe" (pp. 9-10).

Dat "struggle"-geskiedenis tans in skoolonderrig sterk beklemtoon word, is sekerlik korrek, maar die stelling dat "swart verset die sentrale tema in die geskiedskrywing geword het" (p. 9), dus ook in akademiese geskiedskrywing, kan bevraagteken word. Daar het in die afgelope tyd verskeie studies verskyn wat handel oor aspekte van versetgeskiedenis, en daar sal seker nog heelwat meer gelewer word, maar dit beteken nie dat die meeste historici aan Suid-Afrikaanse universiteite tans met hierdie soort geskiedskrywing besig is nie. Daar is eerder 'n beweging weg van politieke geskiedenis, na sosiale, ekonomiese en omgewingsgeskiedenis. In die jongste wetenskaplike sintesewerke oor die Suid-Afrikaanse geskiedenis, dié van Giliomee en Mbenga (2007), wat in Afrikaans en Engels verskyn het, en Ross (tweede uitgawe 2008), waarvan daar Engelse en Nederlandse weergawes is, word die "struggle"geskiedenis nie in besonder beklemtoon nie. In dié opsig lyk dit nie dringend noodsaaklik om die "pendulum te swaai" nie. As die boek veral bedoel is vir Afrikaanssprekende skoliere, onderwysers en algemene lesers is

hierdie nuwe sintesewerk beslis te verwelkom. Dit is egter, anders as die werk van Giliomee en Mbenga, sonder illustrasies en nie baie aantreklik gemaak vir gebruik deur skoliere en algemene lesers nie. Dit is wel 'n veel uitgebreider werk as die ander twee oorsigte en kan in die behoeftes voldoen van diegene wat op soek is na meer agtergrondsinligting en wat wyer oor die geskiedenis wil lees.

In historiese sintesewerke word navorsing wat in studies oor besondere aspekte van die geskiedenis gedoen is, saamgevat. Sulke werke bevat dikwels geen voetnote nie, maar daar is dan meesal 'n volledige lys van die studies wat gebruik is om die boek saam te stel. Daar word nie in die boek verduidelik watter beginsel gevolg is by die samestelling van die bibliografie (pp. 602-611) nie. Die aantal werke wat per hoofstuk gelys word, is meesal sowat tien of twaalf en dit sluit beknopte studies soos artikels in die *Suid-Afrikaanse Biografiese Woordeboek* in. Uit die inhoud van die hoofstukke kan afgelei word dat die skrywers meer bronne gebruik het as dié wat in die bibliografie aangedui word. Moontlik is die bibliografie eerder bedoel vir diegene wat meer oor 'n onderwerp wil lees. Maar waarom dan nie maar die hele *Biografiese Woordeboek*, met sy honderde artikels, vermeld nie? Boeke wat dikwels beskou word as van die belangste werke wat deur Afrikaanse historici gelewer is ontbreek, soos PJ van der Merwe se boeke oor die veeboerpioniers, AN Pelzer en FA van Jaarsveld se werke oor die vroeë Boererepublieke en Van Jaarsveld se studie oor die ontstaan van Afrikanernasionalisme. Dit is veral kommerwekkend dat 'n groot aantal resente substansiële bydraes tot die geskiedskrywing oor Suid-Afrika in die periode voor 1900 nie genoem word nie, soos die werke van A Biewenga, C Bundy, R Elphick, M Legassick, J Peires, N Penn, R Ross, K Schoeman en G Schutte. 'n Mens kan net hoop dat 'n hersiene uitgawe 'n verbeterde bronnelys sal bevat.

Volgens die lys op pp. 612-615 is , saam met die redakteur wat ook een van die hoofstukke geskryf het, 23 skrywers verantwoordelik vir die 29 hoofstukke waaruit die boek bestaan. Die meeste van hulle is bekende vakhistorici. Enkeles van hulle het nie veel meer as 'n paragraaf bygedra nie, maar daarteenoor is daar sewe historici (Johan de Villiers, Jan Visagie, Jackie Grobler, Wessel Visser, Grietjie Verhoef, Hermann Giliomee en David Scher) wat twee of meer hoofstukke geskryf het. Die internasionaal bekende en baie produktiewe Hermann Giliomee het ses hoofstukke gelewer. Die meerderheid van die skrywers is Afrikaanstalig en is of was verbonde aan Afrikaanse universiteite, maar enkele Engelstalige historici het ook aan die

boek meegewerk. Die kwessie van die verteenwoordigendheid van die hele Suid-Afrikaanse bevolking in, onder meer, akademiese projekte is tans 'n sensitiewe saak en daarom moet vermeld word dat geen van die skrywers tot die swart of bruin bevolkingsgroepe behoort nie. Dit is nie vreemd nie, aangesien die persentasie gevestigde historici wat uit hierdie bevolkingsgroepe kom nog maar taamlik klein is.

Hoofstuk 1, oor Suid-Afrika se “oerverlede”, is geskryf deur die argeoloog Andrie Meyer, en begin met die oorsprong van die heelal en die vorming van die aarde. Dit is gewoon, aangesien in oorsigwerke oor die geskiedenis, ook die wêreldgeskiedenis, meesal nie verder teruggegaan word as die eerste mense nie. Die gedeelte wat handel oor die geskiedenis van Suid-Afrika voor 1652 beslaan slegs agt bladsye. Dit is dus maar 'n baie beknopte oorsig en dit is jammer dat die voorbeeld van HJ van Aswegen, wat in sy *Geskiedenis van Suid-Afrika voor 1854* meer as vyftig bladsye aan die vroeë geskiedenis wy, nie nagevolg is nie. Verder kan alles wat voor 1652 gebeur het miskien nog as voortyde bestempel word, maar beslis nie as die land se oerverlede nie.

Ook die geskiedenis van die tydperk 1652 tot 1806 word baie oorsigtelik behandel, in sowat dertig bladsye. Bowendien, soos van 'n werk waaraan verskillende skrywers meewerk verwag kan word en in hierdie boek dikwels voorkom, is daar heelwat oorvleueling tussen hoofstukke, in hierdie geval die algemene hoofstuk deur Johan de Villiers en die een deur Robert Shell, wat spesifiek oor die slawe handel. Die vernaamste ontwikkelinge word wel kortliks behandel, maar oor die agtiende-eeuse uitbreiding van die Kaapkolonie en die rol wat die trekboere daarin gespeel het, word baie min vermeld (ook al word dit weer kortliks aangeraak in 'n latere hoofstuk, op pp. 105-106). Dit is 'n onderwerp waaraan in ouer Afrikaanse oorsigwerke soos dié van Muller en Van der Walt, Wiid en Geyer 'n aparte hoofstuk gewy is. Elphick en Giliomee se *The shaping of South African society, 1652-1840* (wat, terloops, ook in die bibliografie ontbreek), toon goed aan watter belangrike rol die ontwikkelinge in die Kompanjiestydperk in die vorming van die huidige Suid-Afrikaanse samelewing gespeel het. In hierdie periode het onder meer die Afrikaanse taal (waarom die werksaamhede van die Suid-Afrikaanse Akademie immers wentel) sy beslag gekry en lê die wortels van die splitsing van die Afrikaanstalige bevolking in blanke en bruin mense. In 'n geskiedewerk wat gerig is op Afrikaanssprekendes behoort dié periode daarom nie afgeskeep te word nie. Dit is ironies dat die boek op hierdie wyse aansluit by ouer Engelstalige historici wat geglo het dat die eintlike geskiedenis van Suid-

Afrika begin met die koms van die Britte in 1806. Dit is algemene praktyk dat die vroeëre geskiedenis in oorsigwerke (en in geskiedenisonderrig) minder aandag kry as die latere, maar deur meer as vyfhonderd bladsye te skryf oor die 205 jaar na 1806 en slegs dertig bladsye oor die 154 jaar daarvoor kom die aanspraak dat die boek ‘n geheelbeeld van die Suid-Afrikaanse geskiedenis “van voortye tot vandag” probeer gee in gedrang.

Die hoofstuk oor die slawe deur Shell is oorgeneem uit die werk van Giliomee en Mbenga. As die uitgewer en die redakteur van die boek ook ‘n ooreenkoms aangeaan het met Van Aswegen (en sy uitgewer) en gedeeltes van sy werk, in hersiene vorm, in die eerste deel van die boek gebruik het, sou hierdie deel waarskynlik beter daaruit gesien het as wat tans die geval is.

Uit voorgaande blyk reeds dat die swaartepunt van die boek lê in die twintigste-eeuse geskiedenis (en die twaalf jaar daarna) waaroor byna 400 bladsye handel, maar die hoofstukke oor die negentiende eeu bied darem ‘n redelik omvattende oorsig. Daar is tog ‘n oneweredigheid in die aandag wat besondere ontwikkelinge en gebeure ontvang. Daar is byvoorbeeld twee deeglike hoofstukke oor die Groot Trek, waarvan een net oor die oorsake handel, maar die ontwikkelinge in die twee Boererepublieke en die twee kolonies in die tydperk 1840 tot 1900 word baie meer oorsigtelik bespreek. Die Britse anneksasie van die Zuid-Afrikaansche Republiek, die Eerste Vryheidsoorlog en die vredesluiting daarna word byvoorbeeld in vier bladsye behandel. Verskeie historici sou waarskynlik saamstem met die stelling dat hierdie onderwerp net soveel aandag verdien as die oorsake van die Groot Trek. Dit is veral verblydend dat, anders as in ouer Afrikaanse oorsigwerke, die geskiedenis van die Griekwas behandel word en heelwat geskryf word oor die Mfecane en die ontwikkeling van swart state.

In die hoofstukke oor die twintigste eeu word die vernaamste politieke en ekonomiese ontwikkelinge deeglik behandel. Daar word baie aandag gegee aan Afrikanernasionalisme en apartheid, maar ook aan swart politieke ontwaking en verset. Die hoofstuk “Apartheid: ‘n ander blik”, geskryf deur Giliomee, wyk af van die ander deurdat dit nie ‘n oorsig gee van besondere ontwikkelinge nie, maar bepaalde vrae oor die apartheidstelsel probeer beantwoord, soos of Suid-Afrika ekonomies beter sou gevaar het sonder apartheid. Dit kan verhelderend wees om sulke vrae te stel, maar dit is uiteindelik onmoontlik om te bepaal wat sou gebeur het as ‘n ander beleid gevolg is as die een wat wel gevolg is. Dit is dan ook die hoofstuk waaroor daar waarskynlik veral meningsverskille onder historici sal bestaan en die insluiting daarvan kan die

indruk wek dat die boek 'n verskuilde apologie vir apartheid probeer wees. Dit sou miskien beter gewees het om die hoofstuk weg te laat en sommige van die afdelings by ander hoofstukke in te werk. Om eietydse geskiedenis te skryf, stel 'n besondere uitdaging aan die historikus, en Japie Brits en Jan-Jan Joubert moet gelukkigewens word omdat hulle daarin geslaag het om die politieke en ekonomiese ontwikkelinge in die periode 1994-2011 goed saam te vat.

Dit lyk nie of enige van die skrywers uitgaan van die materialistiese beskouing, wat tans nog onder verskeie Suid-Afrikaanse historici voorkom, dat alle ontwikkelinge na ekonomiese faktore herlei kan word nie. Dit beteken egter nie dat daar nie 'n noue verband tussen ekonomiese en politieke faktore is nie. Hoewel hierdie verband wel telkens aangetoon word, beteken die skeiding van politieke en ekonomiese geskiedenis in verskillende hoofstukke dat die belangrike ontwikkelingslyne nie altyd goed na vore kom nie. Dit hang daarmee saam dat sosiale en kulturele geskiedenis nie die aandag kry wat dit verdien nie. Die verstedelikingsproses het byvoorbeeld gelei tot ingrypende veranderinge in die lewenswyse van al die bevolkingsgroepe. Hierdie veranderinge word nie in die boek duidelik aangetoon nie. Die historikus moet uiteindelik probeer verklaar waarom die samelewing in Suid-Afrika vandag bepaalde kenmerke het en iemand wat die boek gelees het moet aan die einde beter verstaan waarom die samelewing waarin hy leef juis so daaruit sien. Wat dit betref, ontbreek daar kardinale inligting. Dit is lofwaardig dat daar 'n hoofstuk ingesluit is oor die Afrikaanse kerke, maar dit is jammer dat daar nie meer geskryf is oor die Engelse kerke en veral oor die invloed van kerk en sending op die bruin en swart bevolking nie. Die kerke het immers 'n sleutelrol gespeel in die (gedeeltelike) akkulturasie en verwestering van die inheemse inwoners. John Lambert behandel in sy hoofstuk oor die Engelstalige Suid-Afrikaners ook nie die invloed wat die Britse kultuur en leefwyse op die land gehad het nie. Die ontwikkeling van die Afrikaanse kultuur word wel in verskeie hoofstukke aangeraak, maar kom nie werklik in die boek tot sy reg nie. Aan die ander kant is die insluiting van 'n hoofstuk oor omgewingsgeskiedenis van heelwat waarde deurdat die invloed van omgewingsfaktore op die ontwikkeling van die samelewing daarin belig word. Veral in dié opsig word in hierdie boek verbeter op die vroeëre oorsigwerke, wat net so min as hierdie boek genoegsaam aandag gee aan sosiale en kulturele geskiedenis.

In sy geheel gesien is die werk van Fransjohan Pretorius en sy medewerkers 'n belangrike toevoeging tot die oorsigwerke wat daar oor die Suid-Afrikaanse geskiedenis bestaan. As versamelwerk met hoofstukke deur verskillende skrywers vorm dit nie so 'n goed samehangende eenheid soos die resente oorsigte van Davenport en Saunders, Thompson en Ross nie. Dit is egter, met uitsondering van *The Cambridge History of South Africa* (wat ook 'n versamelwerk is), die omvattendste sintesewerk wat sedert 2000 verskyn het en beslis die omvattendste werk in Afrikaans sedert die laaste uitgawe van Muller se *500 jaar Suid-Afrikaanse geskiedenis* in 1980. Dit is ook die eerste sintesewerk om 'n oorsig van die geskiedenis tot 2011 te bied. Van die meeste oorsigwerke het daar verskeie hersiene uitgawes verskyn. As die boek gereeld deeglik hersien word en daarby gepoog word om van die ernstigste leemtes uit te skakel, kan dit nog vir baie jare 'n standaardwerk oor die Suid-Afrikaanse geskiedenis wees.

*Written culture in a colonial context: Africa and the Americas, 1500-1900*

**(Cape Town: UCT Press, 2011, 364pp., index. ISBN: 978-1-91989-526-0)**

**Adrien Delmas and Nigel Penn**

Lisa Thompson

*Department of Information Science*

*University of Pretoria*

[lisa.thompson@up.ac.za](mailto:lisa.thompson@up.ac.za)

Attitudes to written culture can be contentious, and this book tackles the issues head-on from the foreword through to the detailed analyses by the contributors. The juxtaposition of Africa and the Americas informs the commonalities and highlights the differences very effectively. Tracing the expansion of the written word chronologically, this book addresses many different aspects and the multifaceted nature of the content makes it interesting and informative.

The importance of representation through means other than text was disregarded by the colonisers, to the detriment of many of the existing cultures. The understanding that such representation was significant serves as